

30 Augustus

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4:7-11 (OAV)
Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:7

Geloofwaardige getuies verheerlik God tot die einde toe

Die Heilige Gees gee vir ons in dié Skrifgedeelte 'n aksieplan van groot waarde. Die woordjie wat in Grieks gebruik word vir einde (vs 7) is *telos* en beteken ook *doel*. Petrus sê dus ook: Die finale doel van alle dinge is naby.

Die einde van alles breek vir ons elkeen aan wanneer Christus weer kom, óf wanneer jy te sterwe kom, watter een ook al eerste is. Die tyd tussen nou en die einde van alles vir jou moet jy gebruik soos God dit wil hê. Tot ons einddoel aanbreek, moet ons ingetoë en nugter wees om te kan bid.

Hierdie “*ingetoë*” wees is gesonde denke. Dit veroorsaak dat jy goeie besluite kan neem. Dit is 'n balans in jou gedagtes, selfs binne jou (moontlik) moeilike omstandighede. Jou besluite sal dus nooit oorhaastig of ongebalanseerd wees nie. Dit sal beheersd wees.

Die “*nugter*” wees is geestelike nugterheid, nog 'n term vir gesonde denke; maar dit word hier verbind met “*om te kan bid*”. Die woord “*bid*” (vs 7) in Grieks beteken inderwaarheid om te kan aanbid. Aanbidding is nie net bid nie, dit is die hele Christelike aanbidding. Dit is diens en erediens.

Ons moet dus tot en met die tyd dat ons ons einddoel bereik het, of dit nou met die wederkoms is en of dit met ons dood is, nugter en beheersd leef, sodat ons waarlik kan aanbid.

Dan gee God 'n aksieprogram wat drie aksiestappe met ons medegelowiges insluit:

- ns moet vurig lief wees vir mekaar, sodat ons liefde ook veroorsaak dat ons met 'n heilige doel teenoor mekaar optree. Inderwaarheid moet ons liefde die swakheid van mekaar se mensheid bedek (vs 8). ○
- ns moet gasvry wees teenoor mekaar, sonder om die koste of die moeite van die gasvryheid te bereken (vs 9). ○
- ns moet mekaar dien met die gawes wat ons van God af gekry het (vs 10). ○

Verheerlik God daarmee tot die einde toe.

Sing: Psalm 116:1, 7, 8 (1936)

Ds. DP Prinsloo (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool)